’n Kenmerk van ware dissipels is Toewyding/ Commitment

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skriflesing: Heb.11:8-19

Teks: Heb.11:8 *“Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom.”*

’n Kenmerk van ’n dissipel van Jesus Christus is toewyding/commitment:

– aan God (persoonlik)

– aan Sy gemeente (aan mekaar, en aan Sy visie vir ons)

1. Toewyding/ Commitment aan God

Heb.11 vertel die verhaal van Abraham wat in die geloof weggetrek het uit sy eie land, sy eie kultuur, sy eie vriendekring en sy beskermende omgewing. **Hy het weggetrek om ’n nuwe begin te gaan maak omdat God hom geroep het om te gaan en ’n nuwe volk vir Hom te begin.** Abraham het nie getwyfel nie. Hy het in God geglo. Hy het in die geloof opgetree, vas-oortuig dat God Sy beloftes waar sou maak.

Commitment aan God beteken dat jy jouself onvoorwaardelik aan (iets)God toewy.

Abraham het iets verstaan van totale oorgawe aan God. Hy het hom totaal aan God verbind. **Hy was elke dag bereid om God al meer en meer te gehoorsaam. Hy was getrou aan God. Hy het God lief gehad en sy lewe persoonlik aan God gewy.**

God het aan Abram ’n groot nageslag belowe. Abram het nie moed opgegee nie. Hy het aan God se beloftes vasgehou. Selfs al was dit later vir hom nie meer logies uit te redeneer nie, het hy steeds God met sy lewe vertrou! Selfs toe hy gesterwe het kon hy nog nie die grootte van sy nageslag in totale omvang sien nie. Hy het egter enduit bly glo. **Hy het toegewy aan God die graf in gestap**.

1.1 Abraham het deur mislukkings heen, steeds gegroei!

Elke voorval in Abraham se lewe het tot die ontwikkeling van sy karakter bygedra. Abraham het nie sy lewe as toonbeeld van geloof begin nie, maar geleidelik oor die jare het hy ontwikkel tot 'n toegewyde kind van God. Hy het tot 'n geloofsreus ontwikkel wat in 'n innige verhouding met God gewandel het. God het selfs Abraham se mislukkings gebruik om hom te leer om deurgaans aan Hom toegewy te lewe.

Voorbeeld:

God het byvoorbeeld spesifiek met Abram se roeping aan Abraham opdrag gegee om sy familie agter te laat, maar Abraham het Lot saam met hom Kanaän toe geneem (Gen.12:1,4).

- Dit het beteken dat Abraham later van Lot moes skei en die land moes neem wat Lot nie wou hê nie (Gen.13).
- Nog later moes Abraham vir Lot by God as bemiddelaar optree en smeek om die bose stad Sodom se behoud, toe God dit wou vernietig (Gen.18:16-33).
- Lot se nageslag, die Moabiete en die Ammoniete, het Abraham se nageslag oneindige leed besorg (Gen.36-38).
- Met een voorval van ongehoorsaamheid wat op- die oog af nietig gelyk het, het Abraham onbewus die erfenis in gevaar gestel wat God aan hom en sy nageslag wou gee. Deur hierdie mislukking het Abraham 'n waardevolle les geleer omtrent sy toewyding en gehoorsaamheid aan God se wil. Abraham se fout maak dit duidelik dat dit net so verwoestend is om iets by God se wil te voeg as om God se wil te verwerp. Wie toegewyd aan God wil leef, moet God 100% gehoorsaam.

1.2 Abraham het geestelike bakens van commitment gebou.

Abraham was op 'n geestelike pelgrimstog deur die lewe. **Elke keer dat Abraham 'n mylpaal in sy lewe bereik het, of wanneer hy iets nuuts omtrent God geleer het, het hy 'n altaar gebou.** Dwarsdeur Abraham se lewe kan ons die roete van commitment wat hy met God geloop het naspeur. Oral langs die pad van sy lewe sal ons die **altare van "commitment aan God",** vind wat hy gebou het.

Voorbeeld:

- Ons lees: Toe het die Here aan Abram verskyn en vir hom gesê: *"Aan jou nageslag gee Ek hierdie land."* **Abram het daar 'n altaar gebou** vir die Here wat aan hom verskyn het.

- Van daar af het Abram verder getrek na die bergwêreld toe, oos van Bet-El, waar hy tent opgeslaan het met Bet-El aan die westekant en Ai aan die oostekant. Daar het hy 'n altaar vir die here gebou en die Naam van die Here aangeroep" Gen.12:7-8).

Elke altaar was 'n bewys van Abraham se groei in sy "commitment" aan God.

- *Vraag:* Het jy ook 'n pad waarop jy kan terugkyk en sien, hoe jy bakens van "commitment" langs jou lewenspad opgerig het wat bewys lewer dat jy elke dag wat jy verder geleef het, al meer toegewy aan God leef?

1.3 Abraham het God buitengewoon vertrou

Abraham het geweet as God buitengewone goed deur hom wil verrig, sal hy 'n buitengewone verhouding met God nodig hê! Abraham se lewe wys dat die verkryging van geestelike wasdom 'n lewenslange proses is. Daar was nie kortpaaie nie. Nadat Abram tien jaar op God gewag het, het Abram se geloof begin wankel. **Op 'n kritieke tydstip van sy geloofslewe het hy na die raad van sy vrou, Sara, geluister in plaas van God.**

- So het hy op haar aanbeveling 'n kind verwek by sy slaaf Hagar. Ismael is gebore, die stigter van die Arabiese volke. Hierdie volke het op die ou end Israel se bittere vyande geword. Duisende jare later ly en sterf mense nog omdat Abraham besluit het om kortpad te kies plaas van God se woord te vertrou.

Later het God aan hom sy eie seun Isak gegee. **God se plan was om hom meer as 'n pa vir Isak te maak. Hy wou hê Abraham moes die vader van alle gelowiges word…** Hy moes 'n toonbeeld van toewyding en "commitment" aan God word.

- **God wou Abraham se commitment teenoor Hom nog 'n stap verder neem.** Daarom het God Abraham gevra om die moeilikste besluit van sy lewe te neem. **God het vir hom gesê:** *"Vat jou seun, jou enigste seun, Izak wat jy lief het, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys".*

Die probleem vandag is nie dat ek en jy nie weet wat God wil hê ons moet doen nie. Ons weet dit maar al te goed… Die probleem is egter dat ons nie bereid is om dit te doen nie! Ons is nie bereid om ons totaal aan God te verbind en Hom alleen te gehoorsaam nie!

Abraham het God 100% gehoorsaam. Abraham het ook op daardie punt van sy lewe 'n altaar vir God gebou. **Abraham het daardie plek "*die Here voorsien*", genoem**, want hy het geleer dat wanneer mense bereid is om alles wat hulle het vir God te gee *(commitment),* sal God alles voorsien wat hulle nodig het.

God het sy seun Isak se lewe gespaar. God het boonop ook 'n offerlam voorsien. ***Toe Abraham hierdie toets geslaag het, het hy nie net sy verhouding met God verdiep nie, maar ook bewys gelewer van sy gereedheid om 'n groot leier van God se volk te wees.***

God het hom geantwoord: "…In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees, want jy het My gehoorsaam" (Gen.22:16-18). **Abraham het begin verstaan dat sy dade nie net hom alleen affekteer nie, maar dat sy gehoorsaamheid aan God, ook die toekomstige geslagte beïnvloed.** Abraham het voortgegaan om sy lewe aan God toe te wy. Hy het 'n godvresende man geword. Hy het die stamvader van 'n volk geword. Hy het die vader van gelowiges geword. Die Bybel sê Abraham het 'n vriend van God geword (2Kron.20:7; Jes41:8) Dis een ding om God jou vriend te noem. Dis egter heeltemal anders wanneer God jou sy vriend. Jak.2:23 sê: "*en hy is 'n vriend van God genoem".*

Abraham het iets verstaan van totale oorgawe aan God. Hy het hom totaal aan God verbind. Hy was elke dag bereid om God al meer en meer te gehoorsaam. Hy was getrou aan God. Hy het God lief gehad en sy lewe persoonlik aan God gewy. Ek som dit op in die woorde. Abraham het homself aan God "commit".

Hoe lyk jou "commitment" teenoor God? Bly jy ten spyte van terugslae dwarsdeur jou lewe 100% getrou aan God? Staan God in die middelpunt van jou lewe? **Leef jy vir God, of is God net 'n aanhangsel of noodwiel in jou lewe? Op watter vlak is jou "commitment" aan God?**
Voorbeeld: Is jy soos die verhaaltjie van die varkie en die hoenderhennetjie wat op die plaaswerf geloop het. Toe sê die hennetjie vir die varkie. *Kom ons gee 'n lekker ontbyt vir die boer. Ek gee die eiers en jy gee die spek.* Die varkie sê toe: "Jy praat maklik. **Jy gee net bydrae, maar ek moet my hele lewe offer.**" Dis waar. God vra van diegene wat Sy dissipels wil wees nie net 'n bydrae nie. God vra dat jy alles vir Hom sal opoffer. **God vra dat jy Hom met alles sal dien wat jy is en het.** Jou lewe, jou besittings, jou geld, jou gawes, jou geliefdes. God vra dat

jy Hom die middelpunt van jou lewe sal maak. Die lewe gaan nie oor ons nie. Dit gaan oor God.

1.4 Lidmate wat hulle aan God "commit" tree anders op.

Dwarsdeur my bediening sien ek hoe lidmate se lewe verander wanneer hulle hul aan God "commit".

- *Voorbeeld van lidmate wat luister wat God besig is om te doen en daarby aansluit:*
    - Ek het onlangs gevra of daar iemand is wat deel wil word van **God se plan om vir die Luchasi volk (in Angola)** wat **Bybels** dringend nodig het, Bybels te voorsien. Dis wonderlik om te sien hoe God lidmate oproep en hulle betrokke word.
    - **Ek het gesien hoe 'n lidmate God se roepstem hoor om voltyds vir Hom in die sendingveld te gaan werk**. Ons sien hoe lidmate hul aanmeld. Voorbeelde uit ons gemeente is Marie, Pieter, en nou ook Jaap en Linda.
    - Ek sien hoe lidmate wat hul aan God "commit", met hul gawes betrokke raak in verskillende bedieninge. Ek sien hoe hul toewyding en liefde vir God groei!

Elke keer wanneer lidmate God se stem hoor en daarop reageer, het God iets groots en uniek deur hul lewe begin doen! God is besig om Miederpark lidmate te roep, om ware dissipels van Hom te word. God het aan ons 'n visie gegee om soos dissipels van Hom te begin lewe.

Elke dag is daar nog meer en meer lidmate wat vir my kom sê dat hulle besig is om te snap wat totale toewyding (commitment) aan God is. Elke keer dat hulle God se stem hoor en daarop gehoorsaam reageer, ervaar hulle God se voorsiening en Sy seën. **Elke keer by so 'n ervaring is daar nog 'n "altaar" van "commitment" wat hulle vir God in hul lewe oprig.**

2. Toewyding/ Commitment aan God se gemeente

Deel van 'n dissipel se karakter, is sy toewyding aan God se gemeente. Wanneer lidmate besef dat God Sy Plan deur hulle lewens en deur die gemeente uitvoer, kom daar 'n nuwe toewyding aan die gemeente.

- Deur die jare het ons geleer hoe belangrik dit is **dat lidmate trots moet wees op die gemeente waarbinne God ons gawes gebruik.** Saam vorm ons ’n eenheid. **Ons moet trots wees dat ons deel van Sy gemeente kan wees!**
- Ons as gemeentelede moet besef **ons is die ligdraers van God na hierdie stukkende wêreld** waarin ons elke dag leef en werk. Elke lidmaat van die gemeente is draers van Sy Goeie nuus.

Ef.1:23 sê: *“Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.”*
Ef.2:10 sê: *“God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”*
Ef.4:16 sê:*”…en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam ’n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.”*

Uit hierdie skrifgedeeltes is dit baie duidelik dat God elke gemeente en elke lidmaat gebruik as instrument om Sy wil uit te voer. **Lidmate is dus nie toevallig in ’n gemeente nie. God bring ons bymekaar en plaas ons daar om ’n besondere taak vir Hom te verrig.**

Ons is in ’n besondere gemeente met ’n besondere roeping wat God self vir ons kom gee het.

- Ons is oortuig God het ons geroep om dissipels vir Christus te maak.
- **Ons is ook oortuig dat dissipelskap eers by ons eie lewe moet begin.** Dit is duidelik dat dissipels sekere waardes prakties moet uitleef. **Een daarvan is om toegewyd en diensbaar aan God en Sy gemeente te leef.**

Om jou aan die gemeente te verbind is nie altyd maklik nie. **Namate die uitdaging toeneem verhoog die behoefte aan spanwerk.** Elke deeltjie van die liggaam het mekaar nodig. Deur die jare was daar altyd lidmate wat nie geskroom het om hard te werk nie.

- bv. in die negentiger jare was daar ’n **Tannie Pottie** wat almal om haar georganiseer het om pannekoeke te bak. Die luimense het gehardloop as sy aankom. Sy kon vasvat. Sy het nooit nee vir ’n antwoord gevat nie. Dan was daar die stil hardwerkende Tannie Lenie wat koeksisters gebak het vir ’n vale (Ek wonder hoeveel kerkgeboue is met koeksisters betaal?).

  - Die **videoteek** wat destyds in 1990 deur **Stoffel** van Rensburg begin is en later die formele boekwinkel wat in 1991deur **Heleen Erasmus** begin is, het deur die jare met die hulp van baie dames, ontwikkel tot 'n groot boekwinkel met twee bykomende depots op ander dorpe!

- **Gou het ons die Bybelse waarheid ontdek dat elke lidmaat se goeie gesindheid belangrik is. Gesindheid het die mag om 'n span op te hef of af te breek.**
- 'n Gesindheid is aansteeklik. Goeie gesindhede kan 'n gemeente opbou, maar swakgesindhede kan 'n span vernietig. Swakgesindhede vermenigvuldig ook gewoonlik vinniger as goeie gesindhede. **Daarom moet elke lidmaat vandag besef sy eie persoonlike gesindheid in die gemeente gaan 'n effek hê op die res van die gemeente hê.** Jou gesindheid bepaal bv. die bediening of selgroep se gesindheid waar binne jy werk. Wanneer ek bv. weier om iemand te vergewe, beïnvloed my negatiwiteit ook die ander rondom my.
- **"Commitment" teenoor die gemeente kom spontaan in jou hart op wanneer jy snap dat lidmate nie vir mekaar werk nie, maar dat almal saam werk om God te vereer en Hom te dien. Dit bring nuwe energie en passie na vore.** Lidmate begin dan met trots saamwerk in die gemeente. Hulle nooi selfs ander uit om by die gemeente aan te sluit en te kom deel in wat God besig is om te doen! Dit sien ek met my eie oë!
- **Vanuit Abraham se voorbeeld leer ons hoe belangrik dit is dat ons, ons ten volle aan God en Sy gemeente sal verbind**. Telkens wanneer die gemeente 'n nuwe projek of 'n nuwe geloofstap neem om iets nuut vir God aan te pak, word daar as't ware 'n simboliese altaar gebou wat getuig van 'n nuwe verbintenis aan God. Ons kan terugkyk op daardie bakens langs die pad en weet dat God oppad is met sy kerk en ons geloof versterk. Enkele voorbeelde van sulke bakens langs die pad is:
  - Die dag toe die stigterlede in 1983 besluit het om met ongeveer 300 lidmate af te stig van Suid gemeente en nog 'n gemeente in die nuwe woonbuurt te begin.
  - Die dag toe hulle op skuld die kerkgebou in geloof begin bou het en in 1985 ingewy het, was daar groot vreugde!
  - Die dag toe die gemeente sy eerste sendeling in 1989 uitgestuur het (tenspyte van amper 1 miljoen rand skuld) was ons bly! Nou

in die laaste paar jaar raak ons amper jaarliks by nog ’n nuwe sendingprojek betrokke!
- Die dag toe hulle die laaste sent van die amper 1 miljoen rand kerkbou-skuld (wat in die negentiger jare baie was) af betaal het. Dit was ’n groot dag in baie lidmate se lewe!
- Die dag toe die tweede pastorie gebou is, was nog ’n mylpaal.
- Die dag toe die gemeente sy kerkraad struktuur na ’n gemeentebestuur verander het en daarmee saam talle ander aanpassings was nog ’n mylpaal na vernuwing.

Telkens wanneer God ons gebede verhoor en nuwe mylpale bereik word, het dit ons geloof versterk en ons moed gegee om nog meer vir God te doen.

As ons die groot waarheid wat ons vandag met hierdie boodskap leer moet opsom, sal ek die volgende sê:

’n Kenmerk van ’n dissipel van Jesus Christus is toewyding/”commitment”:

– aan God (persoonlik) en

– aan Sy gemeente (aan mekaar, en aan Sy visie vir ons). Kom ons maak soos Abraham seker, dat ons oral langs die lewenspad ons opnuut aan God en aan ons medegelowiges verbind. So kan ons saam as dissipels van Christus groei in ons karakter en ons verhouding met God.

Amen.